# DARE TO BELIEVE

**Week 3: Gaan jy bly glo al beleef jy teenstand (*en wil die koning jou doodmaak)*?**

Ons is besig met 'n reeks om na die **storie van Dawid** te kyk – *the story of how an ordinary boy were used by an extra-ordinary God*. En daaruit probeer leer:

Dawid word uitgedaag om te bly glo al gee niemand hom 'n kans nie,
al moes hy alleen teen 'n reus baklei,
al wou die koning hom doodmaak en hy moes vlug vir sy lewe
en al verloor hy amper al sy geloofwaardigheid met 'n ander man se vrou
en ervaar hy die hartseer en pyn as sy opstandige seun sterf...

Begin die selgroep eers met iemand wat **Psalm 4 as gebed** lees. *Laat almal eers stil word en afskakel, gee so 'n minuut of wat daarvoor en lees dan die Psalm.*

## Connect met mekaar:

Ek hoop dat julle kan saamkom, en al is dit op Zoom, doen moeite om te connect.

Gesels vir 'n paar minute oor die vraag: **Wat het jy tot hier toe uit die storie van Dawid geleer?** *Dit help nie ons lees opbouende en motiverende verhale uit die Bybel en dit daag nie ons gedrag uit nie. Gee vir elkeen kans om net iets te deel wat hulle geraak het, of oor die Bybelstudies van week 1 en 2 of uit die Psalms wat hulle gelees het.*

## Luister na Woord: Lees 1 Samuel 18:6-16

(*Hoofstuk 18-26 vertel hoe Saul vir Dawid probeer doodmaak en hom agtervolg en hoe Dawid vlug en wegkruip)*

Die vraag bly dieselfde: **Wat as daar 'n dare/challenge/uitdaging is wat jou lewe permanent kan verander?**

- **Wat doen jy** as mense onredelik is... jou onregverdig beskuldig van iets wat jy nie gedoen het nie... onbillik is... kritiseer... sleg sê en verneder... leuens oor jou vertel... jou te na kom... misbruik en manipuleer... vir jou jok... lelik is... skinder? **Wat is jou eerste reaksie?**

- **Hoe leer Jesus ons** 1000 jaar later wat ons moet doen? Lees **Matteus 5:38-41, 44-46**

- Dawid slaag daarin om nie met geweld te reageer teen Saul nie. In **1 Samuel 24:10-13, 16-17** en **1 Samuel 26:22-25** is daar twee geleenthede waarin hy hom op Saul kon wreek en hom kon doodmaak, maar hy doen nie? Hoekom doen hy dit nie?

    - Dawid moet **aanhou om God te vertrou** dat Hy sal judge en hom sal beskerm. *Hoe word jy uitgedaag om God te vertrou?*

    - **Moord bly 'n sonde** en God verbied dit. *Watter impak dink julle kan dit hê as ons maar lig-lig met sonde omgaan?*

    - Dawid is 'n voorbeeld vir sy volgelinge. Hy kan **sy eie geloofwaardigheid (***credibility***) verloor** en dit vra juis moed en deursettingsvermoë om gedissiplineerd te bly en 'n voorbeeld te stel vir sy volgelinge en dit dwing meer agting en respek af — hoe ek in moeilike en soms onregverdige tye optree vertel meeer van my karakter as wat ek in goeie tye doen

    - Dawid weet dat hy nie sy eie koningskap op wraak en vergelding en moord bou nie. Verhoudings werk ook so – om argumente te wen en mense terug te kry en reg te sien vererger net agterdog en kill 'n verhouding.

**Luister na Woord: Lees Psalm 59** (*v 1 gee die agtergrond waarteen hierdie Psalm afspeel – die gebeure in 1 Samuel 19:9-17*)

Kyk weer na **verse 10** en **17**. Wat weerspieel dit van Dawid se karakter?

**Die belangrike korreksie** hierop is **1 Samuel 24:16** – Lees dit 2 x hardop

*"Die Here sal regter wees en Hy sal regspreek tussen ons. Hy sal sorg en my saak behartig en aan my reg verskaf teenoor u."*

In **Psalm 34** sê Dawid hoe hy dit verstaan: As ons die Here dien, dan het ons 'n ander opsie en kan ons op 'n ander manier optree. Lees die Psalm hardop. Gee vir elkeen dan tyd om die Psalm op hulle eie weer in stilte deur te lees en **gee kans vir gebed**.

Hier is **7 Psalms** van Dawid **wat jy deur die loop van die week kan lees en bid.**

Vir hierdie week: Psalm 3, Psalm 7, Psalm 13, Psalm 34
Psalm 11, Psalm 59, Psalm 64

***Dare to Believe***

*(Bestel julle sleutelhouers op die gemeente se webblad)*